

SKRIFGEDEELTE: HEBREËRS 3:7 – 4:13

FOKUSGEDEELTE: HEBREËRS 3:19; 4:1

Volhard in geloofsdade en ontvang die saligheid

Deur volhardende geloof is daar hoop op die ewige sabbatsrus (die hemelse heerlijkheid en uiteindelik die nuwe aarde) as erfdeel. Hoop, nie net vir hulle wat lewenslank onder die geklank van die Woord was nie, maar slegs vir hulle wat die weldade van God in die geloof aanneem (HK Sondag 7).

Die Israeliete het uit Egipte getrek, maar almal het nie die rus van Kanaän ingegaan nie. God het 'n eed gesweer dat almal nie sal ingaan nie. Waarom? Weens hulle hardkoppigheid teen God, hulle opstandigheid teen Hom, hulle beproewing en uittarting van die Here. Vir 40 jaar het hulle gesien wat God vir sy volk gedoen het. Hulle het Hom uit sy dade leer ken. Tog het daar 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan. Ongeloof is sonde – sonde tot die dood.

Daar is egter nog 'n sabbatsrus. Anders sou die Woord nie weer daarvan gepraat het nie. Dit is die ewige sabbatsrus, die heerlijkheid wat aan ons ter wille van Jesus beloof is. Dit wag in die toekoms, maar die klem lê hier veral op 'n optrede in die hede: “Vandag as julle sy stem hoor ...”

God roep elkeen wat vandag hoor tot ware geloof in Jesus Christus – 'n geloof wat nie vanweë beproewing en teëspoed prysgegee word nie en ook nie 'n skyngeloof sonder liefdesdade nie. Soos sommige uit Israel nie hulle sabbatsrus in Kanaän ontvang het nie – vanweë ongeloof – so waarsku God sal net hulle wat volhardend glo (vandag en tot die einde toe) die ewige rus ontvang.

Sing: Psalm 95:5, 6

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)